# KOMMUNIKAMMA 30 NOVEMBER

Ons besoek op versoek. Kontak asb. met groot vrymoedigheid met ons indien jy enige versoeke of vrae het.

Niekie Oosthuizen in die kerkkantoor: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za
**Neem asb. kennis dat die kerkkantoor tye van Maandag tot Vrydag vanaf 08:00 tot 12:00 is.**
Ds. MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkraggakamma.co.za
Ds. Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkraggakamma.co.za

**WHATSAPP GEMEENTE KOMMUNIKASIE**

Indien jy die gemeente kommunikasie via Whatsapp wil ontvang moet jy die volgende stappe volg:
Stoor die gemeente selfoon nommer (071 493 5998) as 'n kontak op jou foon.
Stuur 'n Whatsapp boodskap met jou naam en van na hierdie nommer.
Jy word op 'n "Broadcast" lys geplaas en is nie deel van 'n Whatsapp groep, waarop almal kommentaar lewer, nie.

**PROGRAM VIR DIE WEEK:**

**Sondag 30 November**

**09:00 GESAMENTLIKE EREDIENS**

**Tema:** Wie val, staan vas.
**Teks:** Jesaja 7:1-17

**Voorportaal Kersboom projek.**

In die voorportaal staan twee kersbome waar jy kan gee uit dankbaarheid. Aan die een boom hang daar kaartjies. Dit is deel van 'n "Back to School" fondsinsameling met die oog op die 2026 skooljaar. Ons doen dit spesifiek vir die kinders van MTR Smit. Indien daar te veel items vir MTR Kinderoord is, gaan ons van die items vir van ons ander getuienisaksies skenk. Neem 'n kaartjie per persoon of per gesin en bring daardie items saam kerk toe of kom gee dit in by die kerkkantoor.

**Neem asb. kennis dat indien jy 'n kaartjie vat jy asb. daardie item/geskenk moet bring. Indien jy nie daarby gaan uitkom nie, vra ons dat jy asb. die kaartjie weer aan die boom kom hang. Wanneer jy iets vir MTR Smit skenk, bring ook die kaartjie terug sodat dit weer aan die boom teruggesit kan word. Kontant bydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word, maar moet net duidelik aandui dat dit vir MTR Smit kersboom gaan.**

**Maandag 1 Desember**

**09:30 KERSSANGDIENS BY KRAGGAKAMMA UITSPANNING**

**Dinsdag 2 Desember**

**10:00 KERSSANGDIENS BY STELLA LONDT**

**Woensdag 3 Desember**

**09:00 DIENS BY CP BRADFIELD**

**PE NOORD EN ALGOA GEMEENSKAPSKERK – VOEDSELHULP-PROJEK**

Indien jy wil help, kan skenking op Sondae in die voorportaal en Maandae en Woensdae by die kerkkantoor ingegee word. Finansiële bydraes kan in die gemeente se rekening inbetaal word. Dui asb. aan dat dit vir voedselhulp gaan.
PE Noord soek asb. ook 2L en 5L roomys bakke wat hul gebruik om die sop vir die sopkombuis te vries. Enige hulp sal waardeer word.

**<u>Vrydag 5 Desember</u>**
**05:00 MANNEGROEP**
Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg (082 773 6205)vir meer besonderhede.

**<u>Sondag 7 Desember</u>**
**09:00 GESAMENTLIKE DIENS**

**<u>EREDIENSTYE IN DIE VAKANSIE</u>**
**Sondag 14 Desember – Erediens om 09:00**
**Dinsdag 16 Desember – Versoeningsdag-diens om 09:00**
**Sondag 21 Desember – Erediens om 09:00**
**Donderdag 25 Desember – Kersdiens om 09:00**
**Sondag 28 Desember – Erediens om 09:00**
**Woensdag 31 Desember – Gesamentlike Oujaarsdiens by Lorraine Gemeente om 19:00**
**Sondag 4 Januarie – Erediens om 09:00**
**Sondag 11 Januarie – Erediens om 09:00**

**<u>GEBEDSAKE:</u>**
- Dank die Here vir sy seën wat Hy ryklik oor ons as sy gemeente uitstort.
- Die tienerstaptoer van Dinsdag tot Donderdag hierdie week.
- Buddy van der Merwe wat siek is. Vir sy vrou Marlize en familie.
- Naomi Meyer is siek.
- Linda en Sakkie Rossouw se seun, Hermie, wat kankerbehandeling kry.
- ‘n Goeie, veilige ruskans vir hulle wat op vakansie gaan en ‘n geseënde Christusfees vir almal.
- Al meer mense, ook in ons gemeente, wat materieel swaarkry. Dit lei dikwels ook tot geestelike en emosionele swaarkry. Dat werklose mense sal werk kry.
- ‘n Einde aan die oorloë in Oekraïene, Afrika en ander plekke, asook vir die gelowige broers en susters in daardie lande. Almal in Oekraïene wat lyding en trauma ervaar. Vir Goddelike ingrype.
- Dat die vredesproses in die Midde-Ooste sal slaag.

**<u>THERE4 BEDIENINGE GEBEDSVERSOEK</u>**
Bid saam dat nie-gelowiges in Jordanië stabiliteit en hoop in Jesus Christus die Messias, sal vind.

**<u>FEBA RADIO GEBEDSVERSOEK</u>**
Het jy geweet? Meer as 3 miljard mense het die evangelie nog nie eers een keer gehoor nie. Daarenteen saai FEBA al vir die afgelope 79 jaar die Goeie Nuus deur radio-uitsendings uit na miljoene luisteraars. En deesdae is dit sosiale media wat deure oopmaak waar FEBA nie ’n uitsaailisensie kan bekom nie. Bid dat God FEBA-spanne wysheid, krag en kreatiwiteit sal gee om die evangelie op alle moontlike maniere aan die onbereiktes te bring. Vra dat Hy mense se harte op Sy Woord sal voorberei, sodat die saad wat FEBA saai, vrug sal dra.

**<u>WERK GESOEK</u>**
2 vroue in ons gemeente soek dringend werk – die een het boekhou ervaring en die ander ‘n maatskaplike werk agtergrond. Vir navrae of om die vrou met boekhou ervaring se CV te bekom, kontak met Piet Spies by sel: 084 491 1213. Om meer inligting oor of die CV van die ander vrou te bekom, kontak ds. MG.

**<u>RAAK BETROKKE</u>**
Aangesien ons ‘n groeiende geloofsgemeenskap is, het ons op vele terreine hulp nodig van vrywillige gemeentelede. Ons kort tans veral hulp met mense wat kan help met die regstreekse uitsending van die eredienste. Indien jy kan help, kontak asb. vir Marna (076 918 5373) of die kerkkantoor as jy betrokke wil raak.

**<u>NUWE LIDMATE</u>**
Ons wil graag ons nuwe lidmate ontmoet. Daar is in die voorportaal ‘n groen kontakkaart wat julle kan voltooi, waarna ons met julle in verbinding sal tree. Jul kan ook na ons webblad, www.ngkraggakamma.co.za gaan. Druk op “Kontak ons” reg onder die gemeente logo. Vul die “Nuwe intrekkers” vorm in en e-pos dit na die kerkkantoor.

**KERKRAADSLEDE VERKIES.**

Op die kerkraadsvergadering gehou op Woensdag 19 November 2025 is Hannes le Roux as diaken verkies en Margita Marx as dienswerker. Baie geluk en seën aan julle.

**REËLINGS GEDURENDE DESEMBER**

Neem asb. kennis dat die kerkkantoor vanaf 22 Desember tot 5 Januarie gesluit is. In geval van nood kan die predikant aan diens gekontak word.

Ds MG van Rooyen is met verlof van 4 – 28 Desember 2025

Ds Toit Wessels is met verlof van 29 Desember – 12 Januarie 2026

Niekie Oosthuizen is met verlof van 22 Desember tot 2 Januarie

Ryno Muller is met verlof van 24 – 27 November, 17 – 23 Desember en 27 Desember – 11 Januarie

**VERJAARSDAE VIR DIE VAKANSIE**

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|---|---|
| 30 November | Francois Beneke, Suzanne van Niekerk en Reegan van der Merwe |
| 1 Desember | Heine Coetzer, Jan Loftie-Eaton, Yvonne Moore en Dewald Pretorius |
| 2 Desember | Nickey de Swardt |
| 3 Desember | Marius Alberts, Tina Keyser, Elize Kitching en Jani van Heerden |
| 4 Desember | Sam Herman, Heleen Lombard, Eduan Meyer, Christo Nortjé, Burger Oosthuizen, Linke Reed en Anneli van Heerden |
| 5 Desember | Bianca Burger, Malan Smith, Jaco Steyn en Bianca van Rooyen |
| 6 Desember | Nico de Klerk, Pieter de Wit, Riana Hough, Marie Meyer, Ben Nothnagel en Leandri van Ryneveld |
| 7 Desember | Maryke Coetzer, Antoinette Joubert, Dandré Smit, Jannie Snyman |
| 8 Desember | Scherine Botha, Annelise de Vin, Wiaan Hanekom, Doney Laminie, Annalize Strydom en Jannie Wepener |
| 9 Desember | Kirsten du Plessis, Ammie Grundling, Dawie Hamilton, Kiana Ludwig en Arno van Wyk |
| 10 Desember | Annetjie du Preez, Marijke du Preez en Dalien Erasmus |
| 11 Desember | Nico Jooste, Cathma Marx, Judy Nienaber, Jean Viljoen en Theresa Wolmarans |
| 12 Desember | Echardt Bezuidenhout, Jurie Botha, Marinda Cronjé en Liné Redpath |
| 13 Desember | Nicole Herbst, Lizaan Smit en Theresa Tait |
| 14 Desember | Ancherien du Plessis, Hedi Gerber-Botha, Maryke Ungerer en Karla van Rooyen |
| 15 Desember | Phia Bosch, Elrie Thysse, Corné van Wyk, Monique van Wyk, Lorinda van Zyl |
| 16 Desember | Helena Fyver en Christa Humpel |
| 17 Desember | Heath Haywood, Richard Hedderwick, Jan Lombard, Aldré Nel en Tanya Vorster |
| 18 Desember | André Kircher, Renette Nell, Bertie Nelmapius, Sue Odendaal, Juan Olivier, Werner Olivier, Jamie Saunders, Liam Saunders, Zack Slabbert en Theo Vermaak |
| 19 Desember | Mia Jansen van Vuuren, Chani Nieuwoudt, Werner Strydom, Lizelle van Wyk en Rudi van den Berg |
| 20 Desember | Ethan Dicks, Leon Mouton, Myra Schmidt |
| 21 Desember | Reneé Botha, Marita Coetzee, Lorette Ferreira, Stacy Frazenburg, Peter Otto, Inke van Rooyen, Danie van Wyk en Magda Vosloo |
| 22 Desember | Morné Barnard, Marissa le Roux, Ignet Vosloo |
| 23 Desember | Graham Ludwig |
| 24 Desember | Carol Botha en Bertie Geissler |
| 25 Desember | Liam Stapelberg |
| 26 Desember | Trudi Myburgh |
| 27 Desember | Sonnica Albertyn, Rudi Botha, Elna Burger, Helen Fourie en Matthys Potgieter |
| 28 Desember | Hugo Gerber, Lienke Gouws, Dewald Hough, Jacques Minnie, Nicoleen Shaw en Doré Weitz |
| 29 Desember | Divan Köhne en Jacques le Roux |
| 30 Desember | André Esterhuyse, Sussie Jordaan en Jannie Peens |
| 31 Desember | Carina Olivier, Kotie Oosthuizen en Mariana Pozyn |
| 1 Januarie | Chris Bosch, Lisa Burger, Phoebe Horn, Magriet Lombard, Linda Potgieter, Christelle Slabbert, André Strydom, De-Leon Strydom en Chrismari van der Merwe |
| 2 Januarie | Celeste Banfield, Adele de Lange, Janine Herman, Morné Mouton en Babs Smith |
| 3 Januarie | Delano Britz |

| | |
|---|---|
| 4 Januarie | Jani Deyzel |
| 5 Januarie | Nicolene Gerber, Gertruida Vosloo en Hanno Winter |
| 6 Januarie | Giep Louw, Lene Reed en Zelri Smit |
| 7 Januarie | Rita Gerber, Christo Greyling, Karlien Ludick, Johan Nothnagel, Mieke Schoonbee en Peet Viljoen |
| 8 Januarie | Christo Bezuidenhout, Valerie du Preez en Festa van Huyssteen |
| 9 Januarie | Lianie Grobler en Willie Swanepoel |
| 10 Januarie | Lienkie Grobler, Victor Humpel en Rudi Nel |

**Ons wens Gertruida Vosloo baie geluk met haar 95ste verjaarsdag op Maandag 5 Januarie en Giep Louw met sy 93ste verjaarsdag op Dinsdag 6 Januarie.**

**TIENDEMAAND DANKOFFER**

Ons tiendemaand-dankoffer is 'n geleentheid om die Here te dank, die gemeente se bediening te ondersteun en hoop aan ander te bring. Laat ons, as God se fontein van liefde, saam dien - dankbaar, blymoedig en tot eer van die Here!

Ons begroot hierdie jaar vir R330 000 vir die Tiendemaand dankoffer en wil graag die insameling teen einde November afsluit. Ons het reeds R 265 063.65 ontvang.

Dankie vir jou dankbare diens, harde werk en bydraes deur die jaar.

**DANKOFFER**

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.
Die kerk se bankbesonderhede is:
NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091,
Takkode 632005

SnapScan